

Les 4: Levitikus

Vorbereide leeswerk vir die aanbieder

Die boek Levitikus

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Sjokolade balletjies

Lesinhoud – vra eers vir getuïenis oor wat die Here laasweek in jou lewe gedoen het **Inleiding**

Wie kan die verhaal onthou van die eerste moord in die Bybel? (Kain en Abel). Waartoor het dit nou weer gegaan? (Oor offers wat aanvaar en nie aanvaar is nie). Die Israeliete word in Levitikus geleer om hulle beste na die offertafel te bring. Net so moet ons vandag ook weet dat net ons beste vir God goed genoeg is. Dit beteken die beste van ons talente, ons tyd en ons besittings. So kan ons probeer dankie sê vir God vir genade en goedheid.

Wie was die skrywer: Levitiese priesters.

Wat was die doel van die boek: 'n Handleiding vir die volk van hoe God gedien moes word.

Betekenis van die naam Levitikus: "Toe het God geroep," of "Die Leviete se boek."

Waar speel dit af: Israeliete se kamp by Sinai aan die voet van die berg Horeb.

Belangrikste karakters: Moses, Aaron en die volk.

Levitikus vertel die verhaal verder van die Israeliete se epiiese reis van Egipte na die beloofde land, Kanaan. Die boek Levitikus speel af teen die agtergrond van die Israeliete se kamp by die Sinai-berg. Hier sou hulle vir amper 'n jaar bly terwyl Moses die tien wette op die berg gekry het. Levitikus is letterlik 'n handboek van hoé God deur die Israeliete gedien moes word. Die Israeliete se swerf- en kampjare is gekenmerk deur klagtes, ontevredenheid, opstandigheid, straf en oordeel. Ook in Levitikus gebeur dieselfde.

Die naam Levitikus beteken in Hebreeus: "Toe het God geroep" en in Grieks en Latyn: "Die boek wat op die Leviete van toepassing was." Bykans die hele boek is gewy aan wette, rituele en opdragte wat God, deur Moses, vir al die Israeliete (nie net die stam

van Levi), gegee het. In Kanaan sou die Israeliete gekonfronteer word met vreemde godsdienste en dit was dus nodig dat hulle “geleer” moes word wat die regte manier was om tot God te bid en Hom te loof. Dit was dus nodig dat hulle by Sinai-berg onderrig word. In Levitikus is daar instruksies, in baie fyn detail, oor presie hoe die Israeliete moes optree. Die lewenswyse wat Israel moes handhaaf was duidelik uitgespel. Die wette was daar vir verskillende redes:

- Om die Israeliete te onderskei van die ander heiden nasies.
- Beskerming te bied teen heidense gebruike (soos byvoorbeeld die offer van kinders).
- Beskerming te bied teen siektes (soos byvoorbeeld die kosse wat hulle nie mag geëet het nie).
- Maar die belangrikse rede, om hulle toegewydheid aan God te wys.

‘n Groot deel van Levitikus fokus op offergawes en rituele rondom offers. Gasvryheid was vir die Israeliete baie belangrik en hulle het geglo jy moes altyd kos aan besoekers voorsit ingeval die gaste dalk engele was of boodskappers van God. Die ware God hoef nie kos te geëet het nie, en daarom is die kos verbrand (in ‘n offer) sodat die lekker reuk van die kos God kon bly maak, of so het hulle geglo. Verskillende goed is geoffer, soos bulle, ramme, lammers, voëls en graan. Dit was vir die Israeliete asof hulle ‘n ete met God gedeel het wanneer hulle ‘n offer gebring het. ‘n Gedeelde ete sou vir hulle wedersydse vertroue impliseer. Dit sou vir die persoon wat die offer bring beteken dat hy sy geloof in God bevestig en aandui dat hy God se wette aanvaar.

Daar is regtig ‘n paar baie vreemde wette in Levitikus. Daar was wette oor offers, wette oor priester se gedrag, wette oor gesondheid, wette oor higiëne en sommer nog ‘n hele klomp ander wette. Die hoëpriester het byvoorbeeld een maal per jaar (Levitikus 16: 20 – 22) al die sondes van die volk Israel op ‘n lewende bok oorgeplaas (terwyl hy altwee sy hande op die bok gesit het). Dan is die bok die woestyn ingejaag. Die sondes van die Israeliete is dan so letterlik uit die kamp verban. ‘n Ander wet het weer uitgespel dat die klere van die hoëpriester klokkies moes aanhê. Wanneer hy eenmaal per jaar op die feesdag, Yom Kippur, in die allerheiligste van die tabernakel ingegaan het, moes die klokkies vir die volk aandui dat hy nog lewe en nie dood is nie! Vir party

van die wette in Levitikus kan ons vandag redes uitdink en dit so aanvaar, maar die Bybel het selde die redes vir 'n spesifieke reël of wet gegee. God se volk moes Sy reëls gehoorsaam omdat hulle Hom vertrou en gehoorsaam het, en vir GEEN ander rede nie. Israel was onder die gesag van die ware God!

Is dit nie wonderlik dat Christus se bloed ons sondes vir altyd sou kom uitwis nie? Jy is vir altyd vergewe! Geen sondebok, offers of snaakse wette was nou meer nodig nie. Die realiteit of werklikheid van Jesus sou alle simboliese offers vir altyd vervang!

Odos boekie

Gaan na ons Odos boekrak. Kyk of jy “Levitikus” op die rugkant van ons derde wettiese boek van die Ou Testament kry.

Gaan na les 4 en vul in:

Die hele boek van Levitikus bestaan uit wette, reëls en opdragte van God.

Die Israeliete moes geleer word hoe om tot God te bid en Hom te loof.

In Levitikus leer ons van die verskillende offers wat die volk aan God moes bring.

Sien jy Jesus raak in die Ou Testament?

Levitikus gaan oor wette en offers. Jesus is ons finale offer en daarom hoef ons NOOIT weer offers te bring nie. Moet ons as Christene vandag dan ook nie klere wat van verskillende materiaal gemaak is dra nie, of ons huise afbrand as daar muf in is? In sy brief aan Timoteus skryf Paulus:” ... jy ken van kleins af die Heilige skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus.” Met ander woorde, jy wéét wie jou Verlosser is, en jy wéét wat jy moet doen om gered te word en dit is nie om wette te onderhou nie maar om te GLO! Onthou toe Levitikus geskryf is, was Jesus nog nie gebore nie. Jesus is die finale offer vir al ons sondes. Dit is nie meer vir ons as gelowiges nodig om offers te bring nie. Daar is meer as 90 direkte aanhalings uit Levitikus in die Nuwe Testament. “Wees heilig, want Ek is heilig” en “Wees lief vir jou naaste soos vir jouself” is twee van die bekendstes.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons dink dit is vreemd dat die Israeliete U heelyd by hulle gehad het en tog so sonder ophou gekla het en opstandig was – en dan is dit presies wat ons vandag ook doen! Ons het letterlik ons lewens aan U te danke. Mag ons dit nooit vergeet nie! Amen

Idees vir VET pret

Ons gaan vandag bokdrolletjies (sjokolade balletjies) eet om ons te herinner aan die arme sondebok wat in Levitikus in die woestyn ingejaag is vir Israel se sondes. Gelukkig het ons nie meer vandag sulke snaakse wette nodig nie.

Slim vingers

Speel 'n speletjie en kyk wie kan eerste die week se Bybelboek in hulle Bybels kry. Merk die plek met 'n boekmerk vir die week se stiltetyd by die huis.

Vers vir die week

Kom ons soek hierdie versie in die Bybel op.

Levitikus 9: 2

“Hy sê toe vir Aaron: vat 'n bulkalf en 'n ram, altwee sonder liggaamsgebrek, en offer die kalf as 'n sondeoffer en die ram as 'n brandoffer aan die Here.”

My stiltetyd lekker kry

Daar is meer as 90 direkte aanhalings uit Levitikus in die Nuwe Testament. “Wees heilig, want Ek is heilig” en “Wees lief vir jou naaste soos vir jouself” is twee van die bekendstes. Gaan soek op die internet en kyk hoeveel van hierdie versies kan jy opspoor. Skryf nog drie versies neer.